# Voor-en-toe NUUS

Jaargang 2016 | Uitgawe 6 | 19 Februarie 2016

Besoek ons webtuiste: www.steyners.co.za, Hoërskool President Steyn se Facebook blad en kyk ook op www.schoolsthatrock.co.za

## Paasfeesbewusmaking

Die Paasfeesbewusmaking sal plaas vind op 15 & 16 Maart 2016
Toegang is gratis.
Kaartjies kan by die kantoor afgehaal word.
Kollekte/Donasie is welkom.




## Brandfort Sportdag



Meeste van ons netbal– en rugbyspanne gaan op Saterdag, 27 Februarie 2016, deelneem aan Brandfort se sportdag.
Maak asb seker dat u die nodige reëlings tref. Daar sal busvervoer wees.

## Gr 1 Mini Krieket



Hier is mnr. Victor saam met die Gr.1 mini krieket manne



## Waterskenking

Steyners staan saam en skenk water aan skole waar die krane leeg is!
Baie dankie aan almal se bydrae wat gehelp het om van hierdie projek 'n sukses te maak!







## Steyner van die week



**Steyner van die week is Lumè van Staden in gr 4!**

**Sy het in gewigstoot D 0/11 'n medalje verower!**

**Baie geluk!!!**

STEYNER WAARDES





# Krieket

**0/11 vs Kruitberg**
Steyners kolf eerste en kry 101 lopies vir 7 paaltjies.
Ons boul hulle uit vir 49 lopies.
Robin vd Walt neem 3 paaltjies en Franz Homsek neem 5 paaltjies.
Steyners wen met 52 lopies.





**0/15 vs St Andrews C**
Steyners kolf 1ste en teken 214 lopies aan in 20 overs. Frans het 100 nie uit nie. Frans en Anele het 145 partnership. Saints word uitgeboul vir 90 lopies. Danie het 2 paaltjies vir 0 lopies in 1 over en Nicardo het 2 paaltjies vir 1 lopie in 2 overs.

# Busgeld

Baie dankie aan almal wat reeds hul busgeld betaal het. Ons doen 'n versoek dat die busgeld asb so spoedig moontlik betaal word sodat alles glad kan verloop.

**Baie dankie vir jul samewerking.**





# Toetsweek

Die tweede toetsweek vind plaas vanaf

**7 Maart 2016 tot 14 Maart 2016**

Maak asb seker dat leerders hierdie dae by die skool is, slegs 'n geldige doktersbrief of doodsertifikaat sal aanvaar word indien 'n leerder 'n toets mis.



# Waterbron Bazaar

Waterbron NG Kerk hou op 4 Maart 2016 hul jaarlikse bazaar om 17:00.

**Hou solank die datum oop!!**

# Netbalklere



Ons doen 'n versoek op al die netbaldogters om asb die naweek jou netbalklere aan te pas. Indien dit nie meer pas nie kan jy dit aan die skool skenk sodat ons 'n netbalklerebank kan begin.

Maak asb seker dat jou klere reg is vir die seisoen. Dogters wat netbalklere wil aankoop sal op Dinsdag, 23 Februarie 2016, die geleenteheid kry om klere aan te pas. Alle bestellings MOET Dinsdag geplaas word!

# Gedagte vir die week




# Grappie Hoekie






# Skrikkeljaar

## Skrikkeljaar – Bonusjaar

*Die Vryburger*

2016 is 'n skrikkeljaar – 'n jaar waarin ons die bonus van 'n hele, volle dag kry om vir ons volk te woeker!
Elke mens kom in die lewe met 'n hele mandjie vol talente en dit hang van elkeen van ons af hoe gewillig ons is om in daardie mandjie te delf en een vir een vergete, onderdrukte of onontdekte talent uit te haal, af te stof, te gebruik, te ontwikkel en bo alles te geniet.
Kom ons maak hierdie bonusjaar met sy bonusdag die jaar waarin ons elkeen ons ryke seën van talente gaan uithaal en aanwend tot heil van ons volk.
2016 het 366 dae. Daarvan is 52 Sondae waarop ons nie werk nie. Tel daarby Goeie Vrydag, Kersdag en Geloftedag en ons het 'n hele 311 dae waarop ons mag werk en woeker.
Gestel elkeen van ons gebruik op elkeen van daardie 311 dae net 'n halfuur om iets positiefs te produseer, dan het elkeen uiteindelik 155 uur en 30 minute. Dit gee jou 19,4375 dae. Teen 8 uur per werksdag, verteenwoordig dit nagenoeg 4 werksweke!
Dus, teen 'n tempo van slegs 'n halfuur per dag vir een jaar, kan jy 'n volle maand se werk lewer vir jou volk se voortbestaan en heil!!!